Skrifgedeelte: Josua 24

Fokusvers: Josua 24:15 en 31

Tema: Wees, deur die leiding van die Gees, verbondsgesinne wat op Jesus fokus!

"Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien." Hierdie is sekerlik die mees bekende woorde van Josua. Die meeste van ons het al hierdie woorde gehoor of het dalk dit selfs êrens op een van die mure in ons huise. Dit is `n wonderlike voorneme om jou eie te maak: ek en my gesin sal die Here dien. Ons sal dit doen. Daar is nie eers twyfel daaroor nie. Hierdie woorde maak jou egter só min `n Christen as wat om in `n motorhuis te staan jou `n motor maak. Dit is een ding om hierdie woorde te sê en iets heeltemal anders om dit te bely en te doen.

Josua het dit geweet en daarom dat hy eintlik gewonder of hy die volk moet lei om hierdie belydenis te maak. Luister maar weer na hoe hy antwoord in vers 19: "Julle kan nie die Here dien nie. Hy is `n heilige God. Hy is `n God wat onverdeelde trou eis en julle opstandigheid en sonde nie sal vergewe nie. As julle die Here verlaat en julle dien vreemde gode, sal Hy wat aan julle goed gedoen het, teen julle draai en rampe oor julle bring en `n end aan julle maak."

Josua het geweet dat ons as mense nie uit ons eie hierdie belydenis kan maak nie. Hy het geweet dat ons baie keer ander gode ook dien en nie net die Here nie. Ons vertrou dikwels op baie ander dinge en ons lewe dikwels vir baie ander dinge en ons sien baie keer sondes oor ter wille van ander dinge. En juis dit is wat God nie kan verdra nie. Hy deel nie Sy troon en koningskap met ander nie. Hy soek nie maar net `n Sondag-stukkie van ons lewe nie. Hy wil nie hê ons moet Hom net ken wanneer dit moeilik gaan of wanneer ons Bybel lees of as dit Sondag of Nagmaal is nie. Ons kan nie wil wieletjies-Christene wees en dink God is tevrede daarmee nie. Wieletjies-Christene is mense wat net met wiele in `n erediens kom: in `n babawaentjie vir die doop, in die troukar vir die troue en in die lykswa vir sy begrafnis.

Maar meer as dit: daar was drie baie spesifieke redes hoekom Josua die volk daarteen gewaarsku het om hierdie belydenis hulle eie te maak en hoekom Josua self hierdie belydenis gemaak het.

Die eerste rede was dat Josua verstaan het waaroor die verbond gaan. Hy het geweet, en dit is wat ons ook opnuut moet besef, dat die verbond baie sterk fokus op ons as gesinne en op ons as die huisgesin van God. God rig die verbond met ons op. Hy tree in `n verhouding met ons waar ons sy volk is en Hy ons God is. Maar dit is in gesinne en in die kerk as die huisgesin van God waar ons meer leer oor wat hierdie verbond, hierdie verhouding, is en hoe dit werk.

Paulus het dit ook vir ons beskryf toe hy in Romeine 10 gesê het: "Maar hoe kan `n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek..." Hierdie "preek" gaan nie net oor hierdie styl van preek wat ons op Sondae hoor nie. Dit gaan oor die vertel van die Blye Boodskap van God en dat dit van een persoon aan `n ander persoon oorgedra word.

Ons het in die afgelope week Eksodus 4 gelees. Daardie gedeelte waar God vir Moses wou doodmaak en waar Sippora, Moses se vrou, toe hulle een seun besny het en God om hierdie rede nie vir Moses dood gemaak het nie. Na alle waarskynlikheid was die rede hoekom God vir Moses wou doodmaak dat Moses nie die verbond aan sy kinders bedien het nie. Moses het hulle nie besny nie

en het hulle ook nie vertel van God wat in `n verhouding met ons tree nie. Die feit dat Moses dit gedoen het, het veroorsaak dat God se verbondswraak en -straf duidelik geword het.

Josua het besef en geweet wat die verbond is en hoe groot die genade is dat God in `n verhouding met ons kom tree het. En hy het besef dat wanneer ons as gesinne nie hierdie wonderlike verhaal van God se genade aan mekaar vertel nie, is ons in werklikheid besig om nie gehoorsaam te wees aan hierdie wonderlike verbondsverhouding wat God met ons gesluit het nie. Dit is die eerste rede hoekom Josua hierdie belydenis kon maak: hy het verstaan waaroor die verbond gaan en dat die verbond `n gesin-saak is.

Die tweede rede hoekom Josua hierdie belydenis kon maak, is omdat hy die groot dade van die Here geken en gesien het. Josua het die uittog uit Egipte beleef. Hy het beleef hoe God wonders in die woestyn gedoen het en hoe God elke keer die volk gered het van ander volke. Dit wat die Here deur Josua aan die volk vertel in Josua 24:1-13 het Josua persoonlik beleef.

Ons het in Josua 24:31 gehoor dat die volk aangehou het om die Here te dien terwyl Josua geleef het en ook toe die leiers wat vir Josua oorleef het nog geleef het. Hierdie leiers het heel moontlik nie die uittog uit Egipte beleef nie, maar hulle het baie van die wonders in die woestyn beleef en hulle ouers het hulle heel waarskynlik vertel van dit wat God gedoen het toe hulle uit Egipte getrek het. In Rigters 2 het ons die afgelope week dieselfde gehoor.

Maar dan hoor ons ook dat die generasie na hulle nie geweet het van die groot dade van die Here nie en dat hulle die Here nie geken het nie. Die rede daarvoor is dat die een generasie ongehoorsaam was en nie aan die volgende generasie vertel het van dit wat die Here gedoen het nie. Hulle was ongehoorsaam aan daardie opdrag van die Here wat ons in Deuteronomium 6 hoor: dat ons vir ons kinders moet vertel van die Here waar ons ookal gaan.

My broer en suster, as jy nie vir jou kinders vertel waarmee die Here in jou lewe besig is nie; as jy nie vir jou kinders vertel van hoe jy die Here Jesus Christus geleer ken het nie en wat Hy alles vir jou en my aan die kruis en in die leë graf gedoen het nie; hoe kan jy verwag dat jou kinders dan die Here moet dien? As jy nie die voorbeeld stel nie, hoe kan jy verwag dat jou kinders eendag betrokke moet bly by die gemeente? As ek só na hierdie gedeelte luister en ek dink oor wat die Here vra dan kry ek `n ongemaklike antwoord as ouer mense vir my vra hoekom daar nie "jongmense in die kerk is nie".

Die groot dade van Jesus Christus aan die kruis het ons juis weer in hierdie verbondsverhouding met God gebring en wanneer ons nie ons kinders vertel van die groot dade van die Here nie, gaan hulle ook nie verstaan watter wonder dit is dat God in `n verhouding met ons getree het en dat ons Hom kan ken nie.

Die laaste rede hoekom Josua hierdie kon sê, was omdat hy dit gesê het onder die leiding van die Heilige Gees. As leier van die volk wat in Moses se tyd op soveel maniere en op soveel kere die teenwoordigheid van God deur die Heilige Gees beleef het, het hy geweet dat dit alleen deur die krag en die werk van die Heilige Gees is dat dit moontlik sal wees om hierdie belydenis te leef.

Hoeveel te meer moet ek en jy dit dan nie weet nie? Ons leef immers in die tyd na Jesus Christus se koms waar die Heilige Gees se teenwoordigheid baie duideliker is as in die tyd van die Ou Testament. Die Here het dit aan ons gegee om te weet dat geloof net kom deur die werking van die Heilige Gees en dat dit alleen die krag van die Heilige Gees is wat ons regop kan hou in hierdie skewe

wêreld. Dit is aan ons gegee om te weet dat God die Heilige Gees aan elkeen gee wat met hulle hele hart die Here smeek en vra dat die Heilige Gees in hulle sal werk en sal woon. Juis daarom dat ons soveel te meer moet volhard in gebed en vra dat God die Heilige Gees ons gesinne sal lei en sal leer oor wat dit beteken om verbondsgesinne te wees.

Kyk rondom jou. Sien die broers, susters, ma's, pa's, seuns, dogters, oumas en oupas wat vanoggend hier sit. Sien jou broer en suster as deel van die huisgesin van God raak. Bid dat die Heilige Gees ons sal lei om verbondsgesinne en `n verbondsgemeente te wees wat op Jesus Christus fokus.

Amen